Januarie 2012 Jg/Vol 20.1

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA
Newsletter of the Free State Section of the MCSA

Vrystaat Voorsittersverslag 2011

Posbus 12312, Bloemfontein. 9300

Ledesake

Die afdeling het teen 31 Desember 2011 op 52 opbetaalde lede gestaan. Derek en Jacomi het April verhuis na Oudtshoorn waar hulle weer betrokke is by die Suid-Kaap Afdeling.

Daar is nuwe belangstelling onder jongmense wat ook gretige en goeie rotsklimmers is en behalwe drie wat gedurende die jaar by ons aangesluit het, verwag ons dat daar nog in 2012 sal aansluit.

Hoewel die opbetaalde lede minder was gedurende 2011 het nege nuwe lede gedurende die boekjaar van 2011-2012 aangesluit. Ons sê welkom aan Peet van Rooyen, Maresa v.d.Walt, Marlene Esau, Natelie le Roux, Johan Luwes, Leo Kirsten en Chris Joubert.

Afgesien van die jaarfunksie wat met die Algemene jaarvergadering in Februarie saamval, is drie gesellige sosiale aande met heerlike versnaperinge gehou. Nie alleen is dit 'n lekker kuiergeleentheid vir entoesiaste nie, maar is pragtige foto's van onlangse uitstappies ook gewys.

Staptogte

Vyftien staptogte wat genoegsame variasie aangebied het in terme van lengte en moeilikheidsgraad, is na 'n verskeidenheid plekke aangebied waarvan die meeste deur 'n groot aantal lede en besoekers bygewoon is. Drie staptogte moes egter weens slegte weer of swak ondersteuning gekanselleer word.

Soos in die verlede, was lede betrokke by die Skyrun, 'n bekende bergwedloop oor 100km in die Oos- Kaap.

Met die viering van Bergdag op 3 Desember 2011, wat saamgeval het met die konferensie oor aardverwarming in Durban, het 2 lede en 2 nielede Thaba Nchu berg geklim het en het ons ook n skoonmaak aksie geloods.

Buitelandse staptogte

Van ons lede het in hul persoonlike verband staptogte in die buiteland onderneem. Dit sluit in die Camino Pelgrimsroete in Spanje en 'n staptog in die Zagoria en Meteora gebied in Griekeland. Twee van ons lede in Reitz nl. Tinus en Petra Bam het die berg Mt. Mera in Nepal suksesvol geklim.

Nasionale Minikamp

Die Vrystaat Afdeling het gedurende April die Nasionale Minikamp suksesvol aangebied in die Sekoto-Valley, Phuthaditjhaba. Dit was

bygewoon deur 46 lede van die Bergklub van S.A., onder andere die nasionale president, Dave Jones en sy vrou Faye, en verskeie voorsitters van afdelings. Dit was baie goed georganiseer deur Derek Odendaal en al sy medehelpers en het verskeie klimgeleenthede gebied vir almal, van dagroetes tot ’n vyfdagroete.

Van die Komitee:

Daar is ’n groot versoek dat lede asseblief die jaar hul ledegeld sal betaal. Ons het meer as dubbeld die aantal lede op ons boeke as die wat in 2011 hul ledegeld vereffen het! Ons wil graag die Bergklub, Vrystaat Afdeling, suksesvol bestuur, maar kan dit nie doen as ons ledegeld nie inbetaal word nie. Sorita (tesourier) gaan gereeld herinneringe uitstuur die jaar. Ons vra net julle samewerking. Die ledegeld is onveranderd vir 2012:

Enkellede: R 75- Joernaal, R95 – Jaarlikse ledegeld: R170

Pare: R 75 Joernaal, R130 – Jaarlikse ledegeld dan R205

Baie Dankie.

Terugvoering van die Algemene Jaarvergadering.

After a period of two years we had to greet our former secretary, Sheila Addison, whom we are going to miss very much and thank her once more for an excellent task as secretary.

Die nuwe komitee vir 2012 is gekies op die Algemene Jaarvergadering en ons sê welkom aan Natalie le Roux as ‘n nuwe addisionele lid op die komitee. Juanita Brink kan weens omstandighede nie meer dien as sekretaresse nie. Natalie sal instaan as nuwe sekretaresse.

‘n Nuwe ondervoorsitter sal op die volgende komiteevergadering gekies word. Behalwe bogenoemde sien die komitee dus so uit:

Voorsitter: Charlotte Augustyn charlottea100@gmail.com

Sekretaris: Natalie le Roux nleroux@psyssa.com

Tesourier: Sorita Matthysen sorita.matthysen@pathcare.co.za

Addisionele lede:

Estelle Marais estelle.marais@mangaung.co.za

Annéli Machin machine@ufs.ac.za

Nico Combrink combrinknl@telkomsa.net

Billi-redakteur: Elana du Plessis elana@iclix.co.za

Webmeester: Jacques Raubenheimer mountainpursuits@gmail.com

Onthou ons webwerf:
http://sites.google.com/site/mcsafs

Ons gaan binnekort ook begin met grootmaat SMS-boodskappe en hoop om sodoende meer geleenthede en uitstappies onder die lede se aandag te kry.

Daar was vele toekennings van 10, 20, 30 en een van 40 jaar vir volgehoue lidmaatskap. Dankie ook aan die lede vir soveel jare van ondersteuning.

Van die Voorsitter- Charlotte

Ek hoop dat daar vir ons n aangename jaar van stap en bergklim wag en dat die uitstappies goed ondersteun sal word. Indien daar enige voorstelle is vir uitstappies kontak gerus vir my of enige komitee lid. **Baie dankie vir julle ondersteuning. Sien julle in die berge!!**

GREYTON UITSTAPPIE

BOESMANS ROETE (2 dae) DESEMBER 2011

***Charlotte Augustyn*Foto geneem vroegoggend deur**

Charlotte Augustyn

Die berge tussen Greyton en Mc Gregor het nog altyd vir my so groot en uitdagend gelyk as ek met vakansie in daardie omgewing was, daarom het ek vir Derek gevra om dit op die program te sit vir Desember 2011.

Ons was aanvanklik n groot groep wat sou stap, maar nader aan die tyd moes Louis en Pat, Cillie, Dimi en André onttrek weens omstandighede. Ons groep het toe bestaan uit: Lede - Myself, Jeanita Brink, Louisa Krugel, Ansa du Toit, Marietjie v/d Westhuizen, Estelle Marais en Marita Landman. Nie-lede: Gideon, Louis en Marijke van Zyl, Annalize Visagie en Dinah.

Ons plek was bespreek in die Greyton Backpackers, wat ’n pragtige uitsig op die berg gehad het. Ons groep het van oral gekom om by mekaar aan te sluit die middag van die 16de Desember.

Weens die hitte wat ons verwag het ons op die roete gaan kry, het ons reeds 06h00 begin stap. Die eerste km of wat, was deur die strate van die pragtige Greyton, n rustige kunstenaars-dorpie in die Wes-Kaap. Hierna begin ’n stadige klim deur fynbos en proteas. Na ‘n steil klim begin die pad gelyker kronkel tussen die berge deur.

Op die warmste tyd van die dag het ons ‘n heerlike waterval en swemgat gekry en soos altyd was dit die oudstes alleen wat geswem het!! Raai self wie dit was?! Die hitte was erg genoeg om Marita en Marietjie wanhopig aan ‘n tak van ‘n Proteabos te laat klou vir bietjie skadu. Ongeveer 15h00 het ons na ‘n stywe klim by ‘n pragtige oornag-gastehuis gekom, met die snaakse naam van “Die Galg”. Ek het later op ‘n kaart gesien dit is vernoem na die Galgberge in die omgewing.Dit is op die blommeplaas van Mev. Ruth Oosthuizen en teen ‘n fooi het van ons in heerlike skoon lakens geslaap en los sy ’n koue bier vir jou in die yskas.

Teen 04h00 die volgende oggend is ons uit ons drome geruk deur Gideon, wat klaarblylik baie vroeg wou begin stap. Terug het ons die historiese pad geneem. Dit is ‘n grondpad wat Greyton met McGregor sou verbind het, maar gelukkig het fondse verdwyn vir die projek, want dit sou die natuurskoon en ruheid van die area bederf het. Ansa, Jeanita en ek het rustig gestap en was so 13h00 terug in Greyton na die ander span. Ansa het later die middag nog kans gesien om ‘n paar dapperes wat lus was vir roomys op ’n staptoer deur Greyton te neem. Die aand is weer geskarrel om die sakke en skoon klere reg te kry vir die Genadendal Roete (2 dae) die volgende oggend. Ek het my groep gelaat in die bekwame hande van Ansa en bietjie gaan rus vir twee dae terwyl hulle verder gestap het.

Ansa vertel verder: “Maandagoggend het die Van Zyls, Louisa en ek per motor na Genadendal vertrek. Die hitte van die vorige dag was gebreek en dit was swaar bewolk. ‘n Stewige klim teen ‘n goedgemerkte paadjie het ons bo oor die berg geneem.

Nadat ons begin sak het aan die agterkant, was die aanduidings baie minder en moes ons later die boer bel om vir ons die pad te beduie. Mnr. Okes het ons na die hutte geneem. Die geriewe was baie basies en duiwe het hulle visitekaarte op die beddens gelos….. Na n goeie nagrus is ons die Dinsdag met 'n sirkelpad terug na Genadendal. Omdat ons reeds teen middagete op S.A. se oudste sendingstasie aangekom het, was daar genoeg tyd om die Museum te besoek. Dit was beslis die moeite werd om die verhaal van George Schmidt en die Morawiese Kerk te verneem.

Dankie aan Charlotte en die Bergklub wat ons die geleentheid gegee het om in die Overberg te gaan stap."

GRIEKSE STAPVAKANSIE

Molly Smit

Ek het 'n heerlike stapvakansie van 8 dae in Griekeland beleef wat ideaal is vir mense wat suinig is, nie lief is vir die oorvloedige geselskap van groot groepe nie maar tog ook nie 'n fortuin wil betaal vir die luukse van klein groepies nie. Vir onder R20 000, sakgeld, visum en retoervervoer tussen Athene en Suid-Afrika ingesluit, het ek onlangs twee weke in Griekeland deurgebring wat ook 'n paar nagte verblyf op 'n eiland van elkeen van ons klein groepie se keuse behels het.

Toe ek die vakansie beplan het, het ek na baie navrae en Internet-soektogte afgekom op www.walkingholidays.gr. Dit is die webwerf van ons uiteindelike gids Thanasis Pantes. Toe ek in ons korrespondensies oor my beoogde toer meld dat ek en my vriendinne nie per vliegtuig in Loannina gaan opdaag nie maar ter wille van besparing per bus vanaf Athene, het hy aangebied om ons in Athene te kom oppik en ook verblyf vir die eerste nag daar te reël. Hy het ook aangebied om verblyf en besigtiging by Meteora, een van ons bestemmings op pad na ons stapgebied te reël. Omdat ander verpligtinge hom verhoed het om ons op Athene se lughawe op te pik, het hy verduidelik hoe om goedkoop van die lughawe af per gewone passasiersbus na Syntagma-plein en vandaar per moltrein na ons hotel te gaan. Hy het ons ook ingelig oor die 24-uurkaartjie wat mens toelaat om ongehinderd die stad plat te ry per bus, trem en moltrein.

'n Mens voel maar effens huiwerig wanneer jy, berug om jou suinigheid, 'n onbekende persoon wat nie vir 'n baas werk nie benut. Gaan hy opdaag of gaan hy met ons geld verdamp? In ons geval het dit perfek gewerk. Thanasis is 'n juweel. Hy is hartstogtelik lief vir sy land en ken die bergpaadjies beter as sy handpalm want hy is ook gemoeid met die onderhoud daarvan. Ons ses-stuks het 'n besondere toer in wonderskone gebiede en hope pret met ons intelligente en kundige gids meegemaak. Wanneer plan A nie goed verloop het nie, het hy altyd 'n plan B, C, of D gehad.

Sy vier staproetes behels Pelion, Zagoria, Pindos, en Berg Olimpus. Elke roete duur 8 dae en 7 nagte. Hy ken ook al die stap-moontlikhede by Meteora. As 'n byna 74-jarige en redelik fikse ou tannie beveel ek vorige staponderving aan want die paadjies kan met tye nogal steil en soms aan die rowwe kant wees.

Hy het ook aangebied om op pad terug na Athene Delphi vir ons te wys. Maar om logistieke redes kon ons nie daar aandoen nie. As mens 'n dag in Athene moet verwyl voordat jy die aand vertrek, kan jy egter altyd die dagtoer soontoe benut. Vir my sou dit steeds

onder R 20 000-00 uitgewerk het, alles ingesluit. Saam met duur inkopies het my toer minder as R 20 000 gekos. Ons verblyf was bevredigend. Ons het elke aand in gastehuise met en suite geriewe in klein dorpies geslaap, behalwe een nag in 'n berghut met uitstekende geriewe toe agt mense 'n vertrek moes deel. Drie etes per dag was by sy fooi ingesluit. Die kos was altyd Grieks, oorvloedig en smaaklik. Hy beplan ook om binnekort avontuurtoere per kar/motorfiets aan te bied.

INJASUTHI, DRAKENSBERG

KZN JULY CAMP 2011 *Sheila Addison*

Coffee, coffee. Coffee, coffee. It was 0700 and two of the six Zulu men doing our catering were, according to tradition, calling and handing out early morning coffee to everyone in frosty tents. A great way to start our first day, followed by a rush to the ablution block and getting dressed for breakfast served at 0800. A different porridge each day with assorted bacon and eggs, sausage, bread and spreads set us up for the various hikes. We made sarmies for lunch and popped these into our day packs with the apples provided.

Ansa and I had arrived mid afternoon at the start of the two week camp the day before and found Pat and Louis Fourie already ensconced in their comfy tent. I had a new dome tent which Louis was moved to help me pitch, with many good-humoured jibes about my ignorance of how it was done and lending me his "hammoer" for the pegs.

There were about 55 people in camp the first day. A great number of us joined a guided hike to the dinosaur cave which were told was about 5 hours long, a nice distance for the first day, we thought. Dennis, Parks Board ranger and guide, started at 1000 instead of 0900 and galloped off up fairly steep inclines with the fittest keeping up, a fair number of us panting along behind and some trailing even further behind. We ran out of time and nobody reached the cave with the dinosaur footprints, but consolation prize was sighting a pair of lammergeyers, lifers for some birdwatchers and exciting firsts for me and some others.

Wood for our campfire was tightly rationed, all the wood for it and the cooking fires having been trucked in, so we could only light the fire after supper and got a bit cold, despite being dressed for the North Pole, waiting for supper to be served at 1900. We were told that the person who ignited the fire was responsible for putting it out, fire being a great hazard in the mountain camp. Luckily one of the cooks lit it for us after a delicious supper, starting with a most welcome steaming mug of soup as it did each evening. Most people turned in early, a few brave ones having a little sing-song for a short while only on the first evening.

The next day Margaret Brown set off with a small group including Ansa for a 4-day hike, spending 3 nights in caves in the Little Berg. Rupert from Oz, was the only thorn among the roses, brave man. Some others joined Norman Owen-Smith for a similar expedition and a group of us joined Louis Fourie for a climb up van Heyningen's Pass towards Wonder Valley with many a joke along the way. We turned back early because of thick mist and poor visibility but enjoyed the hike.

On Day 3, a largish group was led by Iona through Cataract Valley to Grindstone Cave, so named because of the original San grindstone there, a pleasant, relaxed hike of about 15 km. On the way back, we passed the youth group, about 8 kiddies of around 10 years of age who were most excited about going to spend the night at Grindstone Cave and seemed not to mind the distance they had to walk with packs although the parents were carrying most of the heavy stuff. Shortly thereafter we came upon a herd of nine Eland being watched by a troop of baboons.

The next day Dave Morgan led much the same group, again up van Heyningen's Pass to Wonder Cave where we had lunch and the intrepid Collin Avent went for a swim in the ice cold river below. A controlled burn was being done by a group of about 20 Parks Board workers on the way up and, while we were in Wonder Cave, they came to tell us they were going to start another burn. We all left except Collin who was still eating his lunch with his wet briefs perched on his hat to dry and, when he caught up to us later, related that he had been caught in the fire and got through by covering his face with the wet undergarment!

Day 5 saw a smaller group heading off towards Battle Cave about 2 ½ hours away from the campsite with a female Parks Board guide to view the magnificent array of rock art there. Unfortunately much of it was very exposed to the elements and had deteriorated over time but most of it was well defined. Our guide explained the symbolism well and entertained us by singing a Shaman song with many clicks.

On our return, Ansa had arrived back after a most enjoyable hike. It seemed that they had been warmer sleeping in caves than we had been in our tents. Two mornings we had woken up to find a white layer of frost over the camp. After our last night's sleep, Ansa and I packed up our gear, bade farewell to our many new and not-so-new friends and set off on our leisurely trip home with many happy memories to share.

As a first-timer at the KZN camp, I have to say that I regret not taking the trouble to attend one before. It is great fun to meet the most interesting, friendly mountain club folk from all over the country, some who have not missed a camp for years and years and have many stories to tell. Ricci handles the mammoth organization of this camp superbly despite numbers of people in camp varying daily with participants arriving and departing constantly, and groups going hiking for any number of days and we were grateful to all those who contributed so much to the success of the camp and the catering. The hiking trails and scenic views are absolutely beautiful and there are really good leaders who know the mountains well. I urge Free State members to attend future mini camps and KZN July camps in order to broaden their horizons literally and figuratively! Watch this space for details of the Magaliesberg mini-camp 2012.

Ledenuus

Ons wens vir Tinus en Petra Bam baie sterkte toe wat Junie - maand die Gran Paradiso in Italië gaan klim. Dit is die hoogste piek binne die grense van Italië.

We also say good-luck to Rose Gardner from Pretoria who is going to climb Denali in Alaska. Denali is one of the seven highest continental summits and the highest in North America. It will be Rose`s fourth of the seven summits. We are proud of her.

"To every man there comes in his lifetime that special moment when he is figuratively tapped on the shoulder and offered a chance to do a very special thing, unique to him and fitted to his talents. What a tragedy if that moment finds him unprepared or unqualified for the work which would be his finest hour."

KOPSHORING OTTO DU PLESSIS PAS

Deon du Plessis

Groepfoto bo-op Bottelnek pas geneem deur Walter

Die Vrouedag langnaweek van 5 – 9 Augustus 2011 is opsy gesit vir ‘n onbekende gebied vir ons klub, suid van Barkly-Oos, die Dragons Tail van die Drakensberge. Na aanleiding van 2 jaar gelede se sneeu op Snowdon aan die noordekant van Barkly-Oos, is hierdie gebied nog meer onderhewig aan sneeu en vandaar my waarskuwing dat die naweek onderhewig is aan sneeutoestande. Tien dae voor die naweek, kry hierdie gebied dan ook die swaarste sneeu sedert 2002 se sneeuramp. Lizbe van Zyl, die gesamentlike eienaar van die Stoppoort plase waar ons sou oorbly, waarsku my 4 dae voor die tyd dat hulle bergplase nog steeds onbereikbaar is weens sneeu, modder en bome wat die pad toegeval het. Met sneeu-weervoorspellings vir die begin van die naweek, moes ons vinnig ander planne maak. Otto du Plessis pas, open darem kort voor die naweek en weens verskeie onervare stappers, bespreek ek die Upper Prospect gasteplaas op die Elliot pad as oornagpunt.

OK, soms moet selfs die Bergklub van sagte standaarde gebruik maak om uit die moeilikheid te bly (of raak ek nou ook gemaklik?). Vrydagaand kom almal in Aliwal-Noord bymekaar. Die groep bestaan uit myself, Louisa Krugel en Charmaine Coetzee van Aliwal, Steven Adendorff, Walter Mossner en Thomasz Paszkowski van Welkom en Sorita Matthysen, Emil Vermeulen, Pieter Vink, Liesl Ebersohn,

Nelia Marais en haar seun, Louis van Bloemfontein. Saterdagoggend vroeg en in gure weer, begin ons die sneeubedekte berge by Motkop, soos jy die Barkly-Oos distrik binnegaan, te kry. By Upper Prospect gastehuis, so 20 km suid van Barkly-Oos en in die Langkloof vallei, maak ons onsself tuis en die voorspelde sneeuvlokkies begin te val. In sulke weersomstandigehede is stap buite die kwessie en ek neem die groep op ‘n toer met voertuie na die suidooste van die Barkly distrik. Die Bottelnek-vallei en -pas is slegs aan ‘n paar ingeligte sneeusoekers bekend. In die pas en in die vallende sneeu, word ‘n hewige sneeubal-geveg tussen die bergklimmers geloods. Anderkant af in die Sterkspruit vallei, draai ons op ‘n plaaspad na Ben Dearg (2770m) se kant na die dik sneeu. Padtoestande noop ons om terug te draai en Thomasz se Qasqui val vas. Na ‘n morsige uittrek, is ons verder op pad en die afdraai na die Bastervoetpad pad word liewers vermy. Op pad na die Barklypas begin die sneeu nou dig te pak. Pieter en Liesl bou vinnig vir ons ‘n sneeuman. Aan die bopunt van die Barklypas, bereik ons die skuiling van die Mountain Shadow Hotel. Die meerderheid stappers is tevrede dat die Cheetahs die Stormers afstof, veral as jou van Ebersohn is. Die nuwe sneeu het al so 10cm gepak en ons ry terug gastehuis toe. Pieter het pannekoekdeeg by die Mountain Shadow Hotel gebedel en trakteer ons in gepaste weersomstandighede op die lekkerny. En om in sneeu te braai is ook ‘n eerste vir baie van die stappers.

Sondag, 7 Augustus 2011, is die lug oopgetrek en Thomasz kondig aan dat dit -9ºC is. Dis nogal komieklik om te sien hoe mens moet sukkel om die vasgevriesde deure van die

voertuie oop te kry. Ons aanvanklike plan om Kopshoringpiek vanuit die suidweste te benader, word aangepas en ons klim hom nou uit die noordooste. Ons ry nog 5 km verder met die plaaspaadjie na Saxony Merino plaas en die pad styg van 1830m tot 2030m. Ons spring ywerig weg in pool toestand klere met dagsakke. Die ys poele in die pad het fantasiese patrone en die sneeu lagie van die vorige dag raak al hoe dikker soos ons styg. Die klim maak ‘n mens warm en die eerste 3 lae van die omtrent 5 lae klere word vinnig teen die opdraande gestroop. Dit is maar harde werk om oor die vars sneeu en geysde waterstroompies te loop sonder om te val. Ons hou effe meer suid en na so byna 4 km en 300m se klim, kom ons op ‘n nek met dik sneeu waar ons oor die Rytjiesvlaktespruit en Drakensberg esparpement kan uitkyk. Die plaas reg onder ons het die gepasde naam van Kappokkraal.

Daar is ‘n 500m lange rotsrif wat ons by verby moet kom en die keuse is: Loop ons aan die noordekant met byna geen sneeu of ploeter ons in die suidhelling se dik sneeu? Die dik sneeu natuurlik, maar dis ‘n bietjie dieper as wat ons verwag het. Meestal trap ons tot dieper as kniediepte in die sneeu weg en dit raak ‘n groot gespook. Na die eerste 100m begin sommige stappers twyfel trek of die gespartel in die sneeu nou regtig nog pret is, maar ouens soos klein Louis (graad 7) reken dit is die lekkerste ding wat hy nog in sy lewe gedoen het. Almal se broeke en stewels is vasgevries. Louis, Liesl en Pieter reken dat hulle genoeg pret en fisiese oefening vir een dag gekry het en draai terug.

Ons is nou redelik hoog en loop oor sneeuvelde al op die rûe van die berge na Kopshoring se kant. Die ander drie Bloemfonteiners besluit ook dat dit te laat raak om Kophoring te klim en stap terug. Dit is nog ‘n steil klim na Kopshoringpiek en die asem jaag agv die hoogte, maar met ‘n laaste steil klouter is ons bo. Dis ‘n wye uitsig van bo met ‘n 70 km radius 360º uitsig. Twee ouens in ‘n Gyrocopter kom sirkel oor ons en beduie dat teen 15h30, dit laat raak en ons moet af. Nou moet die Aliwalers en Welkommers hul tree rek om af te kom. Eers op ‘n rug af en dan lok die sneeubedekte suidhellings ons weer. Die sneeu is nogal redelik hard en ons gly-ski op die sneeu af. Dit is darem nog redelik lig toe ons die +15 km voltooi en by die voertuie kom. Onder het die harde ys van die oggend gesmelt en dis ‘n modder pappery, maar ons kom sonder voorval weer by die gastehuis uit. Louisa moet gaan boer die volgende dag en die 4 nuwelinge van Bloemfontein kry sommer ‘n geleentheid terug Aliwal toe waar hul motor staan. By die gastehuis is daar ‘n gaswaterverwarmer en ons kan darem van die modder ontslae raak. Daar word sommer dan besluit dat ons te lekker in die gastehuis bly en dat ons die beplande oorhangkrans slapery vir die volgende aand gaan kanselleer en sommer net hier bly.

Maandag, 8 Augustus met die temperatuur op –6.4ºC en ons ry per voertuig met die Vaalhoek en Saalboomriviere op. Veral die bolope van die Saalboom is pragtig, maar die sneeu en modder, maak dat die rit nie te vervelig is nie. Die Otto du Plessis pas uitsig van bo met die eskarpement van die Drakensberge wat groot kranse maak, is dit seker die mooiste van die vier Kaapse Drakensberg motorpasse. Anders

as die vorige dag, is daar ‘n sterk ysige wind wat waai. Halfpad af en ons stap op Johan Labuschagne se plaas wat langs die pas lê. Ons gaan soek die twee groot oorhangsandsteen-kranse waar ons sou gaan slaap het. Die eerste skuiling is ‘n redelike groote met ‘n klompie boesmantekeninge. Die tweede oorhangkrans is massief groot met heelwat boesman-tekeninge; een van ‘n eland is seker die grootste tekening wat ek nog gesien het. Ons is half spyt dat ons besluit het om nog ‘n nag in die gstehuis oor te bly, aangesien albei oorhangkranse baie goeie skuiling bied. Die tweede oorhangkrans loop in ‘n bergwoud uit en ons skarrel teen ‘n steilerige krans uit om bo te kom – ons is darem van die Bergklub. Die koue wind bo dwing ons weer vinnig ondertoe waar ons met ‘n stroompie langs die bergwoude oploop. Binne die woude het heelwat takke en bome afgebreek van die vorige week se sneeuval. Die inheemse bergwoude met o.a. geelhoutbome, vergelyk enige tyd met die Kleinberg van die Natalse Drakensberge.

Die middag ry ons verder met die pas af na Ida. Waar die pad van Barkly se kant nog rybaar is, is dit ‘n skande hoe die pad aan die onderkant van die pas verval het – dit met ‘n groot toeriste potensiaal. By Ida kry ons ‘n swerm van 70 van die bedreigde Mahem (kraanvoëls). Met mooi uitsigte op die Dragons Tail eskarpement vanaf die teerpad van Ida na Elliot en ons kry vir die eerste keer die naweek redelike verkeer. Van Elliot af is ons verder met die teerpad teen die Barklypas op met sy skouspelagtige sandsteenkranse tot terug by ons gastehuis – ‘n rondom rit van 200 km wat beslis die moeite werd was. Die aand word daar vir die vierde agtereenvolgende keer gebraai – beslis nie die normale bergklim naweekuitstappie nie, maar tog baie skouspelagtig.

Dinsdag, 9 Augustus met die tempratuur weer op ‘n vars –6.2ºC, neem die Aliwalers, Bloemfonteiners en Welkomiete afskeid van mekaar en ry terug huis toe. Die naweek se belofte van sneeu het goed gerealiseer. Die suide van Barkly-Oos is net so skouspelagtig as die meer bekende noordelike dele van New England, Wartrial en Rhodes. Miskien moet ons Stoppoort, ons oorspronklike doelwit, volgende keer in die somer probeer.

...met 360 grade uitsig

Spanje

Marietjie vd Westhuizen

Na ‘n jaar se intensiewe beplanning, het vyf vriende van Bloemfontein die pad gevat na

Spanje, om ‘n deel van die Camino de Compostela te gaan loop. ‘n Pelgrimstog, nie noodwendig om daar te gaan aanbid nie, maar om onderweg te leer bid, vir jou siel, maar veral vir jou voete. So terloops, die HAT beskryf PELGRIM as ‘n persoon wat na ‘n heilige plek reis, om daar te aanbid- ‘n bedevaartganger, Latyn- *Peregrinus*.

Ons vlieg met Qatar via Doha na Madrid, en spandeer ‘n dag in Madrid, ‘n wonderlike mooi stad. Beleef die mooiste katedrale, plazas en museums, veral die Musee Thyssen, met Picasso, Monet en Dali as hoogtepunte. Middagete bestaan uit ‘n broodrolletjie met regte Spaanse chorizo en kaas. Neem ‘n aandbus en beleef Madrid “by night”. ‘n Heerlike vinnige, maar wonderlike dag. Sakke pak, bed toe, want die volgende môre moet ons 5-uur opstaan en die pad vat lughawe toe vir die vlug met Raynair na Santiago.

Drama, ‘n paar van ons verpas die vlug, met redes wat seker nie nou hier ter sprake is nie en ek julle nie daarmee gaan verveel nie. Ons is genoodsaak om nuwe kaartjies te koop en om alles te kroon word die volgende vlug vertraag a.g.v. meganiese probleme. Om ‘n lang storie kort te maak, kom ons doodmoeg en reeds donker by ons bestemming, Esquella, aan.

Die volgende dag is die eerste van ons Camino en ons val letterlik soos beesmis, in die pad, gestok en gestewel, die vorige dag se drama feitlik vergete, want dis mooi, baie mooi in die Spaanse platteland. Ons eet heerlike tortillas vir ontbyt in O’Cebreiro, kry water by fonteine langs die pad, maak plek sodat ander stappers, fietsryers en beeste by ons kan verbykom en stap voort. Dis ‘n voorreg en ‘n skoonmaak van hart en siel, dis die begin van ons elkeen se eie CAMINO!

Die volgende dag stap ons van Triacastela na Sarria. Dis ‘n moeilike stap van oor die 26km, maar deur die mooiste woude. Ons stap steiltes op en klowe af, al langs die Oribio rivier met kabbelende water wat jou vergesel. Net voordat jy egter in te diep trans ingaan, loop die pad deur ‘n plaas en tref die vark en beesmis jou teen die neus en tussen die oë en tel jy spoed op. ‘n Dierbare ouerige Spaanse vroutjie oppad, gee vir ons tamaties, en protesteer erg toe ons haar geld daarvoor aanbied. Met ‘n Buen Camino en ‘n klomp onverstaanbare Spaanse woorde wat uit haar mond tuimel, is ons verder. Dan kom Samos, ‘n beeldskone dorpie, as mens die uitdrukking kan gebruik. Ons eet, rus en verlustig ons aan die mooi om ons. Daarna oppad na Sarria. Die stryd word erger, die kilos nog baie en die son warm. Langs die pad ontmoet jy baie nuwe mense van oral in die wêreld, kortstondige vriendskappe word gesluit wat help om jou dag mooi te maak. Buen Camino, liewe vriende van oraloor.

Dag drie en ons stap van Sarria na Portomarin. Dis ‘n tawwe stap. Nou begin die pleisters meer word en die bagasie wat ons vooruit stuur word ook meer. Die roete is mooi, met weereens klein dorpies en plase. Die roete is klipperig en op baie plekke loop ons deur beesmis. Om deur die mis te loop is niks, maar die reuk is erg, baie erg. Ons is doodmoeg toe ons by Portamarin aankom, net om te hoor ons verblyf is verkeerdelik bespreek. Die opdraande na die eerste verblyf was reeds ‘n oorwinning, maar nou moet ons nog ‘n paar blokke aan beur. Die son, alhoewel alreeds 17:00, is ongenadiglik warm. Ons oorleef dit en al wat vir die dag oorbly, is ‘n lekker bad en ‘n lekker bord kos. Môre is ons oppad na Palas de Rei!

Donker staan ons op, want vandag gaan dit warm wees en die pad is lank. Ons begin stap en moet ons kopligte gebruik om te kan sien. Met die eerste bietjie daglig, speel die mooiste

mistonele voor ons af en ek kan nie ophou om foto's te neem nie. Die roete is nie so moeilik nie, maar soos die dag vorder begin die son met sy felheid oor ons brand. Ons stap in stilte, word gedwing om te mediteer en drink baie vloeistof. " Peregrini, in the mist and Peregrini in the sun!"

Dag vyf en oppad na Rabidiso (Ravidiso in Spaans). Ons is bekommerd, want vandag is ook weer 'n hele 26km in die barre son. Gelukkig werk dit toe nie so nie, die 26km bly, maar die son maak plek vir 'n sagte deurdringende reën, net genoeg om ons papnat te maak. Ons stap egter deur die mooiste woude en verby baie mooi huise, om te bewys dat Spanje ook baie ryk inwoners het. Absoluut gedaan, bereik ons, ons bestemming en klim vroeg in die bed. Buenas noches!

Die voorlaaste dag en dit voel of die kilo's kleintjies kry. Ek is erg verkoue en my enkels is geswel. Maar ons moet vorentoe, daar's nie omdraai nie en ook nie langer rustyd nie. Dit is dan seer sekerlik ook hierdie ontbering wat jou dwing om te bid, vir uithouvermoë en vir jou voete. Dit reën weer, maar die roete is mooi. Oral langs die pad is pelgrimstekens te sien, soos tekkies, stewels en kledingstukke waarvan mense ontslae geraak het. So word jy gestroop van dit wat skaaf en druk, net die nodigste is nodig. Daar is monumentkruise, gedenkborde van geliefdes en klipstapels langs die pad. Hier kan jy jou kruisie of klippie neersit, letterlik en figuurlik. Doodmoeg kom ons by O'Pedrouzo aan. 'n Bed was lanklaas so aanloklik.

Die laaste strek, is van O'Pedrouzo na Santiago, 17, 5 km tot by die Katedraal. Dit reën, 'n nat, deurdringende fyn reën, maar ons stap weer deur van die mooiste woude, woude waarvan ons as kinders in storieboeke gelees het. Oral is daar paddastoele, alle vorme en kleure, regte kabouter paddastoele. Nou is die swaarkry amper verby en amper is jy spyt. Die laaste 2km bly oor en toe skyn die son. 'n Soort verwelkoming, 'n tuiskoms in die vreemde. Ek en Estelle stap vandag saam. Ons stop by die groot Camino monument, nl. Die Monte do Gozo en ek sit my klippie neer, neem baie foto's voordat ons verder gaan. In Santiago gaan ons eers by die herberg aan, waar ons 'n paar dae gaan oorbly. Ons stort, trek aan en durf die laaste 100m na die Katedraal aan. Ons is vodde, my enkels erg geswel en seer, my kop taamlik dik van die verkoue wat ek oppad opgedoen het, maar ons het dit gemaak. Naby die Katedraal is die kantoortjie waar jy jou pelgrimsertifikaat kry, 'n klein formaliteit wat die beamptes duisend keer per dag doen, maar vir ons is dit spesiaal, soos seker vir elke ander pelgrim wat gedaan daar aankom. Ek kon dit nie glo nie, maar ek is aangedaan, is dit moegheid of oorwinning of dalk net die religieuse oomblik wat oorweldigend voel.

Santiago is 'n baie mooi stad, met 'n kleurryke geskiedenis, maar 'n oorweldigende stad. Ons is katedraal toe vir die mis om 12:00 waar die name van die dag se pelgrims uitgelees word. Ongelukkig maak die talle toeriste in die katedraal die mis so onstigtelik, dat jy nie regtig daarop kan konsentreer nie. Die geskiedenis van Santiago de Compostela, kan teruggeneem word na die 9de eeu met die ontdekking van die graf van die apostel Jakobus, waar rondom die stad wat ons vandag ken, geleidelik vorm aangeneem en floreer het. Die hoogtepunt van die stad is natuurlik die katedraal wat uit drie dele bestaan, wat van die 12de tot die 19de eeu strek en wat verskillende boustyle soos Barok en die Romaanse-styl insluit. Daar is nog soveel te sien in Santiago, maar dit los ek vir elke ander leser wat nog eendag sy eie Camino gaan stap!

‘n NUWE LEWE

Derek Odendaal

LENTE IN DIE KAMMANASSIE

Soos julle daar in die Vrystaat weet, het ek en Jacomi in Junie 2011 die Vrystaat permanent verlaat en ons in Oudtshoorn kom vestig, waar ons nou ‘n besigheid bedryf. Ek deel graag ‘n paar gewaarwordinge, ervarings en emosies van die afgelope jaar, wat hierdie verandering in ons lewens teweeg gebring het.

Nadat ons vanaf Mei 2010 vir ‘n jaar lank op Moolmanshoek naby Ficksburg deurgebring het, was dit tyd om te gaan. Die ervaring op hierdie wondermooie plek het gewissel tussen hemel en hel. Die plek het uiteindelik ‘n wrang smaak by ons gelos en nie een van ons het die begeerte om ooit weer ‘n voet daar neer te sit nie. Maar dit is geskiedenis.

Voordat ons Oudtshoorn toe verhuis, woon ons vir so 6 weke op Rosendal, waar ek baie besig was met herstelwerke en verbeterings aan huise. Dit was eintlik ‘n lekker en interessante tyd, ten spyte van die koue. Ek is oortuig dat naas Sutherland en Dordrecht, dit die koudste plek in die land is. Minus 9 en minus 10 was algemene oggendtemperature, en ons is daar weg voor die ergste winter gekom het!

Na 55 jaar in die Vrystaat (waarvan ek 34 jaar in Bloemfontein spandeer het), trek ek my wortels uit die diep Vrystaatse grond, laai alles wat ek het op ‘n groot lorrie en verhuis na die suide (die Suid-Kaap was eintlik lankal vir my ‘n trekkrag). Ek steek die Oranjerivier oor met ‘n stukkie weemoed, maar Jacomi is verheug om uiteindelik die “Stofstaat” te verlaat – sy is mos ‘n Wes-Kaapse boorling en hunker nog altyd terug na die suide.

Oudtshoorn is baie plattelands met ‘n redelike konserwatiewe gemeenskap. Dis ‘n mooi dorp met baie vriendelike en opregte mense. Ons vind die aanpassing nie te moeilik nie, maar mens mis tog na ‘n paar maande die bekendheid van ou vriende, die Bergklub uitstappies saam met ou stapmaats, asook my kinders en verswakte ma wat nou ver is. Ek mis ook die Oos-Vrystaatse landskap en die Vrystaatse grasvelde. Hier rond is mos nie gras nie!

Die winter in Oudtshoorn was kouer (en natter) as wat ek verwag het (die “locals” meen darem dit was ‘n abnormale koue winter), terwyl die lenteweer baie gewissel het tussen koud, baie warm en matig. Dit was ‘n pragtige lente na die goeie winterreëns. Tot in vroeg Januarie het ons nog nie veel bloedige warm dae gehad nie, maar dit sal kom. Die “locals’ waarsku ons teen Februarie se hitte! Om jou voete te vind in ‘n besigheid waarvan jy nie veel geweet het nie, verg harde werk, baie geld, onsekerheid en aanhoudende stres. Die besigheid is nog nie baie lonend nie en ons sal nog hard moet werk om dit verder uit te brei. Mens het nie meer naweke om lekker te gaan stap nie en die beskikbare geld moet eerder voorraad koop en rekeninge betaal.

Ek raak by tye baie gefrustreerd: daagliks staar ek na die Swartberge in die noorde, die Outeniquas in die suide en die Kammanassie in die ooste, terwyl ek nie tyd het om die berge in te vaar en myself te laat omring deur klowe, kranse, pieke en waterstroompies nie! Ek vind net hier en daar ‘n dag of ‘n middag om iewers

'n stukkie berg te gaan verken. Ek en Jacomi kon nog net een naweek gaan stap, toe ons saam met die Suid-Kaapse afdeling die Kammanassieberge in is. Dit is pragtige, ongerepte berge met baie endemiese (en vir my, onbekende) plantspesies, waar ek graag nog vir so vier dae sal wil wegraak. Ek het reeds baie staptogte in die berge van die omgewing beplan op my kaarte en op Google Earth – as ek maar net eendag daarby kan uitkom ……..

Wat nogal 'n verskil maak, is die feit dat daar drie bergreekse binne 50 km van Oudtshoorn af lê (en dis ordentlike berge!), terwyl die see ook net 80 km ver is. Dit is dus maklik om net vir 'n middag in die kar te spring en na 'n pragtige plek te ry waar die berge jou kan omvou, of waar jy vir die branders kan sit en kyk. Ek is ook nog nie gewoond daaraan om in my tuisdorp die naamborde Mosselbaai, George, Joubertina en Calitzdorp te sien nie – dit voel so al asof ek op vakansie moet wees!

Ek wil vanjaar by die Suid-Kaapse afdeling van die Bergklub aansluit en sal mettertyd meer betrokke raak by hulle aktiwiteite, wat waarskynlik 'n minikamp kan insluit binne die volgende paar jaar. Ek sal natuurlik lid van die Vrystaat bly en sal graag op hoogte wil bly van wat daar aan die gang is. Ek sal totdat ek oud en stram is, kan terugdink aan die wonderlike staptogte, berg-ervarings en kameraadskap wat ek saam met die Vrystaters gehad het. Dit sal een van my kosbaarste herinnering van my lewe bly. Dankie vir almal van julle wat deel hiervan was!

Mountain Books

EVEREST, SURVIVING THE DEATH ZONE - by Ronnie Muhl
(South African climber)

THE MOUNTAINS OF MY LIFE.
By Walter Bonatti



K2 - Life and death on the world's most Dangerous Mountain. - by ED VIESTURS